

# St. Cajetanus van Thiene
## 7 Augustus

(1480-1547)

Hierdie priester het ‘n besondere liefde vir die armes gehad en selfs ’n bank gestig om hulle teen uitbuitery te beskerm. Hy het baie gedoen om die lot van gevangenes, werkloses en verslaafdes te verbeter. Hoewel hy van nature skugter en teruggetrokke was, en nie veel van ’n prater nie, is mense diep aangeraak deur sy manier van lewe. Saam met die toekomstige pous Paulus IV stig hy die Theatyne, wat bekend was vir hulle armoedige leefwyse en liefde vir die armes. Hy word aangeroep as die beskermheilige van werkloses.

© Die Oratorium Uitgewery